# Bybelskool | Vierde kwartaal

# Spirituele verdieping vir mense wat dors na meer . . .

Maandag 16, 23 en 30 Oktober 2023

Twee tydgleuwe: 10:00 – 12:00 of 18:30 – 20:30

Plek: In die kerk

Besprekings: Charlotte by charlotte@stellenberg.co.za



Van geboorte af smag of dors alle mense na iets diepers, groters en heiligs . . . na God. Ons wil jou uitnooi om in dié Bybelskool te kom nadink oor God en die volgende in diepte saam met ons te bekyk:

- *Lectio Divina* - om die Bybel in reflektiewe en meditatiewe styl te lees.
- Die mistiek van God.
- Die vorming van 'n dieper verhouding met God.

Dit is 'n nie-bedreigende omgewing en deelnemers sal nie gevra word om in die groep bydraes te lewer nie. Alle ouderdomme – tieners tot seniors is welkom.

**Aanbieder: Dr. Carel van Wyk**

Dr. van Wyk was voorheen vir 20 jaar 'n leraar in die gemeente en het na byna 40 jaar in die bediening 'n meesters-en doktorsgraad oor verdiepte spiritualiteit gedoen. Hy en sy vrou woon nou weer in Stellenberg.